





Engelse Pers Oor O.B.-Krag

Verskil van 100 Stemme Plus 189 Kiesafdelings

Die Vyfde Sterfte (of Sesde Herryzenis?) van die Ossewabrandwag

GESIEN DEUR DIE BRIL VAN DIE VYAND

Ons lesers sal die onlangse persoffensief van die vyand herinner; 'n beweerde Grootraadskrisis is deur die hele pers, met gewaardeerde uitsondering van Die Vaderland, wyd en syd uitbasuin. 'n Paar aanhalings is nogal lesenswaardig, veral as onthou word dat die tydspan slegs drie of vier maande beslaan.

„Onthulling van O.B.-sake lei tot Ernstige Besprekings.

Slegs 800 Lede oor.

„Berigte dui aan dat 'n skeuring onder die oorblywende lede van die O.B. plaasgevind het en dat die ledetal nou slegs 800 tel, terwyl die Grootraad ernstig verdeeld is oor die kleurvraagstuk” (Die Rand Daily Mail, 8 Januarie 1947).

Dit was, luidens die vyandelike pers, die posisie drie maande gelede. En nou? Ons haal aan uit die „Star” van 24 Maart l.l. (Hoofartikel):

Opposisie-Eenheid.

„Dr. Malan se party, bewus van die feit dat hulle die 1943-verkiezing nie kon wen nie, het hulself ten doel gestel om alle mededingende opposisie-groepe te vernietig voor hulle die eidelike aanloop na die mag (d.w.s. in die 1948-verkiezing) doen. (Soos wyle generaal Kemp destyds gesê het: „Nou moet stal skoongemaak word” — Red. Die O.B.) Die Malan-Havenga-ooreenkoms is 'n erkenning dat hierdie vernietigingspoging misluk het. Pleks van sy (opposisie) mededingers te vernietig, moet die H.N.P. nou met hulle ooreenkomste maak... Hieruit vloei sekere belangrike konsekwensies. Die Afrikanerparty is, wat getalle betref, swak en dit kan nie die skaal veel laat sak nie. Sy betekenis lê veelmeer in die feit dat dit met ander groepe skakel wat sedert 1940 'n tuiste vir die volgelinge van generaal Hertzog aangebied het. Dit is duidelik dat hierdie ooreenkoms gemik is om die deur oop te maak vir die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde, veral die eersgenoemde (die Ossewabrandwag) wat vandag die groot gros van die partylose anti-regeringstemme behels.”

WOLMARANSSTAD

En in dieselfde uitgawe skryf die „Star” in verband met die tussenverkiezing in Wolmaransstad:


„Daar is ongeveer 6,000 kiesers in die afdeling. By die vorige algemene verkiezing was daar 'n anti-regeringsmeerderheid van 1,400. Daar is sowat 900 Ossewabrandwag- en sowat 600 Afrikanerparty-ondersteuners in die kiesafdeling.”

Regering Se Dae Getel As Almal Saamwerk

O.B. Wag Nog op Laaste Stap

Die Ossewabrandwag wag nog op die laaste stap in die voltooiing van Afrikaner-samewerking, nl. vriendskap tussen die H.N.P. en die O.B. Daarna sal die dae van die regering getel wees, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, op 'n vergadering te Belfast gesê.

BELFAST, 14 APRIL. — Onder beskerming van die Ossewabrandwag het dr. Hans van Rensburg voor 'n stampvolle stadsaal op 'n openbare vergadering opgetree. Hoofgeneraal Wiid het hom verwelkom en hom aan die gehoor wat bestaan het uit O.B.-, Herenigde Party- en Verenigde Party-ondersteuners, voorgestel. Dr. van Rensburg het gesê dat die dae van gevangening, tronkstraf en internering sonder verhoor gelukkig verby is. Nieteenstaande hierdie vervolging het die O.B. al die tyd gesê wat hy wou en sal hy voortgaan om dit te doen. Politieke aangeleenthede het so ontwikkel dat by alle Afrikaners 'n baie groot behoefte ontstaan het om nader



Dr. J. F. J. van Rensburg

aan mekaar te staan. Die Friends of the Soviet Union van die jongste verlede raak nou in die verleentheid met hul Friends en soek nou steun. Tot selfs generaal Smuts wat die Sowjet oftewel kommunis ses jaar lank vertroetel het, sê nou dat die kommunisme gevaarlik word en deeglik dopgehou moet word. Dis nou nie meer so erg die Broederbond nie, hoewel minister Conroy nog in sy verleentheid die droogte aan laasgenoemde se adres wil bepaal. Spreker beklemtoon dat hartlike samewerking eers binne Afrikaanssprekende gelede gevind moet word aler samewerking met die Engelsprekendes van ons land gesoek kan word. Die broers moet eers hul eie kleinlike rusies onder mekaar skik om respek en samewerking van die Engelse neef te verwag.

EERSTE STAP

Noudat daar deur mnr. Havenga en dr. Malan in 'n beginsel 'n begin gemaak is met samewerking teen die huidige regering, is die dae van die regering getel. Die O.B. gaan sy uiterste kragte inspan om die samewerking teen die Regering te ondersteun. Die O.B. is dankbaar vir die mate van samewerking wat bereik is, maar meen dis nog maar net die eerste stap in dié rigting. Daar is drie groot groepe in opposisie teen die huidige regering. Die O.B. en Afrikanerparty het mekaar reeds gevind. Nou het die A.P. en H.N.P. mekaar gevind. Die derde stap is dat die H.N.P. en O.B. mekaar nog die hande moet reik. Spr. meen dat die Havenga-Malan-ooreenkoms die brug sal vorm vir die laaste stap. Verwyte en verdenkings van goeie gesindheid moet einde kry, dit dien slegs om Afrikanergroepe uitmekaar te hou. Die O.B. het die volste vertroue in die eerbare en opregte bedoelings van mnr. Havenga en A.P. Dit het geblyk verlede jaar met die A.P.-kongres in Bloemfontein.

UITGENOOI

Wyle genl. Conroy het die O.B.-Grootraad uitgenooi na die kongres, en sy verteenwoordiger is daar met oop arms ontvang. Daar het die A.P. en O.B. mekaar gevind.

Met die laaste verkiezing het die O.B. aangebied om 'n een- (Vervolg op bladsy 8)


TWEE WERELDE LANGS MEKAAR

Die samesprekings tussen die vier ministers van buitelandse sake oor 'n vredesverdrag met Duitsland, het na sewe weke van vrugtelose gesukkel in Moskou misluk. Bevin en Marshall het besluit om in te pak en na hul lande terug te keer onder die besef dat daar voortaan twee wêreldes bestaan.

Die westerse moondhede het o.a. aangedring op die ekonomiese eenheid van Duitsland en wysigings van die bepalinge van Potsdam ten opsigte van die Duitse oosgrens. Op hierdie punte en al die ander wou die Russe niks toegee nie. Na berig word het genl. Marshall besluit om na Amerika terug te keer met die voorneme om die Amerikaanse beleid uit te voer sonder inagneming van die Russe.

Hy gaan hom beywer vir die ekonomiese rehabilitasie van die Duitse gebied onder Amerikaanse gesag; die volvoering van verpligtinge teenoor Griekeland en Turkye en op enige ander plek waar dit nodig is om hulp te verleen; 'n beter verstandhouding met Argentinië, en die handhawing van 'n militêre mag wat toepassing van die Amerikaanse beleid sal waarborg.

WALVISJAG



Duisende walvisse is die afgelope maande deur walvisvaarders in die waters van die Suidpool gevang. Die walvisse word opgepomp ten einde hulle op die water te laat dryf nadat hulle met harpoene geskiet is. Die harpoen-toerusting is te sien op die voorstewe van die jagskip, met sy buit langs hom.

Stad Verwoes Deur Skip Se Ontploffing

'n Geweldige ramp waarin meer as 1200 mense die lewe verloor het en 4,000 beseer is, het verlede week in Texas City, Noord-Amerika, plaasgevind toe 'n Franse skip vol ammonium-nitraat ontplof het. Honderde huise is in puin gelê as gevolg van 'n reeks ontploffings sowel van ander skepe in die hawe as olie-opslagplekke en chemiese installasies in die nabyheid van die hawe. Die skade word deur die versekeringsmaatskappye op tussen £10 en £20 miljoen geskat.

Waardering Van 'n Oud-Gevangene

Langs hierdie weg wens ons, Ben en Marietjie Botha, ons waardering uit te spreek teenoor al die vriende en groepe vir die belangstelling, telegramme en goeie wense met die geleentheid van ons huwelik, 8 Maart 1947.

Waar ons vir jare in 'n toestand van onsekere verwagting verkeer het; waar ons nie geweet het wat die toekoms vir ons sal inhou, wanneer ons by die einde van ons tydelike skeiding kom nie; daar was die hartlikheid en ondersteuning wat ons juis op daardie kritieke oomblik ontvang het; soos die helder son wat 'n mooi more nog mooier maak.

DIE O.B.

Opnuut het ons gevoel dat die organisasie waaraan ons behoort, sy leuse van naaste diens nie net verkondig nie, maar daadwerklik uitleef.

Ons wil graag spesiale melding maak van al die persone wat verantwoordelik was vir die feestelike onthaal op Klipkoppies. Daar kon ons nie help om klein te voel onder soveel huldebtoon nie, met net die besef dat ons God vir die Ossewabrandwag dank, as 'n sekere wete wat in ons gedagtes bly deurskemer het.

In Wolmaransstad was die ontvangs, nie net van familie en vriende nie, maar veral ook van die O.B.-kommando nie minder hartlik nie. En toe ons in Stellenbosch van die trein stap, was die O.B. weer daar om ons te ontvang en ons onbaatsugtige hulp en steun te bied tot ons gevestig was.

K.G.

Al die belangstelling en ondersteuning het ons laat besef dat ons tussen ons volksgenote verkeer, of dit noual in Noord-Transvaal of in Suid-Kaapland is. Dit het ons dan ook weer opnuut besiel met die seker wete dat ons die spoor van ons volk se vrywording nie byster kan raak, as ons volg waar ons Kommandant-generaal lei nie, al gaan dit soms deur diep wa-

HELD VAN SPIOENKOP 74 JAAR OUD

Genl. Henri Slegtkamp, die Held van Spioenkop, het op 19 April sy 74ste geboortedag herdenk in frisse gesondheid. Hy is 'n week of wat tevore aangenaam verras deur dat 'n kleremaker op Middelburg hom onverwags ontbied het met die versoek om vir hom 'n pak klere ter waarde van £20 te laat maak in opdrag van 'n mnr. C. Kruger, Goldstream, Queenstown.

Generaal Slegtkamp skryf dat hy hierdie geskenk van 'n Afrikaner van harte waardeer.

GESLAAGDE FUNKSIE

Die Hoopstadse kommando (vroue en manne) het Vryheidsdag op die plaas De Kroon gevier, waar 'n baie geslaagde funksie gehou is. Goeie ondersteuning is ook ontvang van Afrikaners buite die Beweging, en die mooi bedrag van £35 is ingesamel tesame met die geld wat in die offerkissie gegooi is.

ters. Dit is slegs die stryd wat tot oorwinning kan lei en daarom wil ons nogeens sê: ons is nog steeds tot u diens, Generaal. Wanneer u die maat aangee, sal ons marsjeer, want ons weet ons stap op die weg wat tot oorwinning lei.

Gevangene Sien Sy Kind Weer Na Vier Jaar

PRETORIA, 9 APRIL. — J. A. Wentzel, 'n politieke gevangene, wat gedurende 1943—1944 'n vonnis van 18 maande in die plaaslike tronk uitgedien het, is dadelik na sy ontslag weer in hegtenis geneem en weer tot vier jaar hardepad veroordeel.

Hy was nog besig om hierdie vonnis uit te dien toe hy tot 'n verdere vyf jaar veroordeel was op 'n ander politieke aanklag.

Vanoggend het die opperbe-waarder hom ontbied en hom meegedeel dat hy ontslaan word. Sy eerste gedagte was aan sy kind wat hy vier jaar laas gesien het, en wat nog in die wieg was toe hy gearrester is.

OPGESKORT

Na die gewone en koningsremissie van sy vonnis afgetrek is, moes mnr. Wentzel nog twee jaar en drie maande gevangenisstraf doen. Hierdie deel van sy vonnis is opgeskort, volgens hy van die gevangenis-owerheid verneem. Hy verkeer tans weer op vrye voet met die gevangenisdeure vir hom wyd oop by die geringste oortreding; want as hy aan enige misdaad skuldig bevind word, sal hy, benewens die straf vir daardie misdaad, ook nog sy opgeskorte vonnis van 27 maande plus die gewone remissie van 27 maande moet uitdien.

Sloerstaking Eindig

Die sloerstaking van die Spoorwegambagsmanne sal Vrydag beëindig word, volgens besluit van hul vakbondbestuur verlede week. In 'n verklaring doen die bestuur 'n beroep op die manne om die werk normaalweg te hervat en te wag op die bevindings van die kommissie van ondersoek. Verklaar is dat die staking genoegsame bewys was van hul ontevredenheid.

RONDON WÊRELD IN 79 UUR

'n Nuwe vliegrekord om die wêreld is verlede week opgestel deur die Amerikaanse pen-magnaat Milton Reynolds, wat in 'n eertydse vevliegtuig die reis om die aarde in 78 uur en 55 minute afgelê het, wat meer as 12 uur vinniger is as die vorige rekord wat in 1938 opgestel is.

Die afstand wat hy afgelê het, is 20,000 myl, en het gegaan oor Frankryk, Indië, Sjina, Japan, Alaska en Noord-Amerika. Die reis is teen 'n gemiddelde snelheid van 300 myl per uur afgelê.

Gebiedsleier Met Verlof



Waggenl. J. H. Richter

Die K.G. het aan gebieds-generaal J. G. S. Opperman verlof van afwesigheid toegestaan van 15 April tot 1 Augustus. Waggeneraal J. H. Richter sal waarneem as Gebiedsleier vir die periode.

Duitse Seelui Terug

Duitse seelui wat tydens die oorlog in die Unie geïnterneer was, en van die Britse besettingsgebied in Duitsland afkomstig is, het opdrag ontvang om op 30 April in Durban skeep te gaan vir repatriasie. Meeste van hierdie matrose was die afgelope maande woonagtig by goedgesindes op plase en in stede in die Unie.

Neurenberg Eis Nog Steeds Slagoffers

Onderwyl die wapens blink gevryf word vir die volgende oorlog teen Rusland, is die Geallieerdes in hul dwaasheid nog steeds besig om Duitse militêre leiers in Neurenberg te verhoor en te straf vir „misdade“ wat deur albei oorlogvoerendes gepleeg is.

Die jongste slagoffer is veldmaarskalk Erhard Milch, wat verlede week tot lewenslange tronkstraf gevonnis is o.a. omdat hy deel sou gehad het aan die gebruik van „slave-arbeiders“ en die deportasie van mense — dinge wat nie net met instemming van die Westerse Geallieerdes op reuse-skaal in Oos-Europa plaasgevind het nie, maar wat hulle vandag nog openlik doen in Engeland en Frankryk, waar honderdduisende Duitse krysgevangenes twee jaar na die oorlog verpligte arbeid verrig teen bandiet-vergoeding.

NIE GENOEG

Mnr. Johan Schoeman, Broederstroom, skryf:

Onderstaande telegram het ek aan dr. Malan en dr. Jansen gestuur:

Na sewe jaar van ongemotiveerde twis wyl ons vaderland en wêreld deur smeltkroes gaan, het die berg nou 'n muis gebaar. Voorwaardelike samewerking wat nog nie eens Pirow Van Rensburg insluit nie. Wat 'n treurspel!

Britte Val Terug Uit Persië : Russe Staar Nader

Brittanje het besluit om al sy landmagte in Persië (Irak) in die volgende paar maande terug te trek. Teen September sal nog net die lugmag daar oorbly. Hierdie troepe het Engeland dwarsdeur die oorlog en tydens die onlangse gespanne verhouding tussen Persië en die Sowjet daar aangehou ter versterking van sy houvas op die Midde-Ooste.

Gelyktydig met hierdie aankondiging berig die Overseas Intelligence Digest dat Rusland se belangstelling in Persië weer in die geheim begin opleef. Volgens hierdie bron is dit Rusland se oogmerk om op Persië en Spanje te konsentreer nou dat Amerika hom die loef afgesteek het in Griekeland en Turkye.

Die blad maak ook melding van Russiese troepbewegings in die rigting van die Swartsee. Die indruk word geskep asof Rusland voorlopig begin afsien van die weste as gevolg van die

Amerikaanse vasberadenheid om 'n stok voor bolsjewistiese uitbreiding in Wes-Europa te steek. Volgens 'n bevelhebber van een van die terugtrekkende Russiese divisies, keer die troepe terug na Rusland in die rigting van Odessa. „Hiervandaan sal hulle na die Balkan gaan waar hulle die Sowjet-beleid die beste sal kan dien.“

Alles dui daarop, aldus die berig, dat Rusland hom van die weste afwend en besig is om te konsentreer op die Balkan, die Midde-Ooste en Asië.

Berugte Bende Wat Geld Smokkel

LEIER IS SEUN VAN KAAPSE IMMIGRANT

'n Joodse ondergrondse bende wat op groot skaal geld gesmokkel het, is verlede week opgediep toe die leier, ene Max Intrator, gevange geneem is.

Die bende het toeriste van geld voorsien wanneer hulle die vasteland besoek en meer wil uitgee as die voorgeskrewe bedrag van £75. Die tjek wat hulle dan onwettiglik teen 'n behoorlike „kommissie“ wissel, word dan later deur die bende uitgesmokkel na die land van herkoms.

Na berig word sal vervolgings teen ongeveer 150 Britse burgers ingestel word wat op hierdie wyse geld getrek het tydens hul besoek aan die vasteland. Onder hulle is baie vooraanstaande persone.

Max Intrator, wat oor die hele Europa en Nabye Ooste berug is, se vader Samuel, is een van die Joodse immigrante wat kort voor die oorlog na Suid-Afrika gekom het. Hy is 'n jaar gelede dood nadat hy in 1944 met 'n Kaapstadse vrou getroud is.

Nuwe Liefde Vir Brittanje Volg Op Koningsbesoek

„In 'n groot aantal Suid-Afrikaanse harte is 'n nuwe gees van hartlikheid teenoor Brittanje aangevuur.“ Dit is die oorwoë mening van die Britse joernalis Ward Price na afloop van die koninklike besoek aan die Unie.

Hy verklaar dat die waarde van simbole in die moderne politiek steeds vermeerder en „mens vertrou dat die duurzaamste resultaat van die huidige besoek van die koning sal wees dat dit die Unie 'n nuwe simbool van sy imperiale konneksie gegee het.“

Hy verwys veral na die Afrikaners vir wie die koning totsover nog altyd verband gehou het met die „ongelukkige herinnerings“ van die verlede. Maar vir hierdie bitter assosiasie is daar nou 'n nuwe en gelukkiger assosiasie as plaasvervanger verkry.

Die voorsitter van die perskomitee op die koninklike trein, Douglas Williams, van die Daily Telegraph, som die betekenis van die besoek in die volgende woorde op:

„Daar bestaan by my geen twyfel nie dat die koninklike

toer 'n oorweldigende sukses was, en dat, net soos die vooroorlogse besoek aan Kanada in 1939 die bande tussen die twee lande op 'n kritieke oomblik versterk het, so sal ook hierdie na-oorlogse pelgrimstog deur die Unie die bande tussen Engeland en Suid-Afrika opnuut vestig op 'n oomblik van wêreldgebeure wanneer nuere samewerking binne die Ryk noodsaaklik is vir nasionale voortbestaan.“

As iemand jou eenmaal verrai het is dit sy skuld, as hy jou tweemaal verrai het, is dit jou skuld.

Die partypers het u eenmaal verrai; sorg dat u nie tweemaal verrai word nie. Koop Perskor-aandele en wees verlos van partypolitieke-verraad.

S.A. NASIONALISME VAARDIG ONDER VER. PARTYJEUG Eis Een Vlag en Een Volkslied

Die suigkrag van Suid-Afrikaanse nasionalisme het sedert die afgelope oorlog sterker geword. Nie alleen is hierdie feit waarneembaar uit gesprekke met Engelssprekendes nie, maar dit is 'n paar weke gelede selfs amptelik deur die Verenigde Party se Jeugfront bevestig in 'n hoofartikel in die organisasie se amptelike blad, Unie-Jeug. Te oordeel na die artikel is die jeug van selfs die Verenigde Party nie meer bereid om Suid-Afrika langer die rol van Britse aap te laat speel nie.

„Die huidige jonggeslag ontwikkel in 'n ander atmosfeer as die ouer,” aldus die blad. Die jong mense van vandag, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, is vervul met 'n nuwe Suid-Afrikaanse gees. Hulle kan nie verstaan — om maar een rede te noem — waarom ons as 'n onafhanklike volk nie ons eie afsonderlike vlag en 'n enkele volkslied kan hê nie. Hulle het in die wêreld gekom ná Unie en anders as hul ouers, dra hulle geen kennis van onderworpenheid aan Groot-Brittanje of enige ander land nie. En hierdie gees van „Suid-Afrika eerste bo enigiets anders” slaan steeds dieper in. Dit kan nie langer gedemp word nie....

„Die jeug vra een landsvlag en een volkslied. Hoe kan ons eenheid begeer solank twee landsvlae en twee volksliedere, die simbool van verdeeldheid, ons in die gesig staar? Die gees van hierdie volkslied-vlag-versoek is in ooreenstemming met die beginsels van die Verenigde Party.”

NAAMLOSE OPSTAND

Hierdie standpunt, wat beslis 'n verblydende is, het egter heftige teenspraak van 'n paar naamlose Engelssprekende koerantiers in die Engelse pers uitgelok. Albei spreek verbasing uit dat so 'n verklaring in 'n byvoegsel van 'n Verenigde Party-organ opgevoem is, en dat dit nooit deur die partyleiding weersprek is nie.

„Die kreet van een vlag en een volkslied deur die jongmense van die Verenigde Party verskil nie veel van die Nasionaliste se anti-Britse program nie,” aldus een naamlose beswaarmaker. „Die antwoord is: nooit, nooit! En veral nou dat ons nie so ver van 'n algemene verkiesing af is nie. Redelikesindige Engelssprekende Suid-Afrikaners het die Unie-vlag en Die Stem aanvaar

TWEE POLITIEKE BLAAIE VERDWIN

Twee Randse politieke blaaië het die afgelope tyd tot niet geraak. Die een is die Illustrated Bulletin, amptelike organ van die Arbeidersparty, wie se direkteure nie kans gesien het om met die publikasie voort te gaan nie.

Die ander is die Engelse organ van die H.N.P., New Era, wat omtrent twee jaar gelede die lig gesien het. Na verklaar word is tot die stap oorgegaan deels weens die verkiesing van die redakteur dr. E. G. Jansen, tot volksraadslid en deels weens die advertensie- en verspreidingsboikot waarmee die blad te kampe gehad het. Dit is bekend dat die blad nie 'n wye leserskring onder die Engelse publiek gevind het nie, maar hoofsaaklik deur Afrikaanssprekende ondersteuners van die H.N.P. gelees is.

as 'n byvoegsel maar beslis nie as 'n vervanging in 'n Britse dominium van die wêreld-geëerde Britse volkslied en die Union Jack en alles waarvoor hierdie geliefde simbole staan nie.”

Die Cape Times, in wie se kolomme die Britse gemoedere in roering gekom het, se troos aan sy naamlose briefskrywers is: Hoewel die byvoegsel in Die Suiderstem die menings vertolk van die Verenigde Jeugfront, dra dit nie die gesag van Die Suiderstem nie, wat die mondstuk van die Verenigde Party is „Die Suiderstem het nog nooit 'n beleid van „een vlag, een volkslied” verkondig nie.”

DRUK VAN BO

Blykbaar onder druk van die Verenigde Party het die leier van die Jeugfront uiteindelik 'n persverklaring uitgereik waarin hy meedeel dat die Jeugfront presies dieselfde beginsels handhaaf as die Verenigde Party en dat die artikel dus nie as amptelike standpunt van die Jeugfront beskou moet word nie.

In elk geval is dit duidelik dat Suid-Afrika nog nie sy vermoë om kinders te verwek verloor het nie.

S.A. Soldate Weens Verraad Beboet Swak Indruk van Russe

Twee Suid-Afrikaanse soldate wat tydens die oorlog krygsgevangenes in Duitsland was en beskuldig gestaan het van hoogverraad, is verlede week in Pretoria deur 'n spesiale hof beboet nadat hulle skuldig bevind is, terwyl 'n derde vrygespreek is.

Douglas Cecil Mardon en Pieter Andries Hendrik Labuschagne is skuldig bevind op aanklag dat hulle aangesluit het by die Britse Vrye Korps wat in Duitsland gestig is om teen die Bolsjewiste te veg. Mardon is met £75 beboet (of nege maande tronkstraf) en Labuschagne met £40 of vier maande. Die saak teen Lourens Viljoen op 'n dergelike aanklag is teruggetrek en sy borgtog aan hom terugbetaal.

Die advokate vir die verdediging, adv. V. G. Hiemstra (in opdrag van Couzyn en Hertzog) en adv. J. G. Marais, het gevra dat net 'n boete opgelê moet word. Dit is nie deur die staatsaanklaer betwis nie, en regter Ramsbottom het in sy uitspraak gesê dat die hof bereid is om hom neer te lê by die staatsaanklaer se houding. Hy het gesê dat die beskuldigdes nog jonk is en dat hulle onderhewig was aan sterk propaganda en daarby geen bedoeling gehad het om teen Suid-Afrika te veg nie, maar teen 'n moondheid met wie hul land in bondgenootskap was.

RUSSE

In sy getuienis het Mardon gesê dat hy Rusland as net so 'n vyand beskou het as

TEREGSTELLING VAN DUITSE EILAND

Die Geallieerdes het verlede Vrydag die Duitse eilandvesting Helgoland, naby die Deense kus, in die lug geskiet met die grootste lading springstof wat nog ooit ontplof is. Na maandelange voorbereidings is die knoppie op 'n skip, nege myl vanaf die eiland, gedruk wat die lading van 6,700 ton springstof laat ontplof het.

Duitsland, indien nie meer nie. Hy het gemeen dat Rusland Europa sou oorrumpel het en daarna Suid-Afrika met die oog op wêreldoorheersing.

Sy eerste indrukke van die Russe het hy gekry van Russiese krygsgevangenes saam met hom in die kamp. Hy en ander het die mening uitgespreek: Dank die Vader dat ons natuurlike in ons land het en nie hierdie nie.

Hy het van die Britse Vrye Korps verneem deur middel van 'n pamflet binne 'n pakkie sigarette uit Engeland afkomstig.

JODE OPGEHANG DEUR BRITTE

40 Offisiere Bedreig

Die Brits-Joodse oorlog in Palestina het verlede week 'n nuwe hoogtepunt bereik toe vyf Joodse terroriste deur die Britte tereggestel is op verskillende aanklagte van geweldpleging. Die een Jood, Dov Gruner is in Januarie ter dood veroordeel na 'n aanval op die Britse polisiekantoor in Tel-Aviv. Sy appèl na die Geheime Raad is verlede week verwerp.

Tergelykertyd is 'n bom in die koloniale huis in Londen ontdek, wat na gemeen word, as weerwraak teen die teregstellings daar geplaas is.

Die Jode het dadelik gedreig met die ophang van veertig Britse offisiere as weerwraakmaatreëls.

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTE

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

MOTORSIPAARDELE STOORMAN BENODIG

Groot en vooruitstrewende onderneming. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet kennis hê van motorparte, reklame en inkoop. Indien moontlik moet diens begin van Mei aanvaar word. Appliseer: ROELOU BARRY (EIENS.) BPK., ROBERTSON.

PANEELKLOPPER BENODIG

Groot en vooruitstrewende onderneming het betrekking vir gekwalifiseerde paneelklopper. Bereid om goeie loon te betaal. Huis beskikbaar. Appliseer: ROELOU BARRY (EIENS.) BPK., ROBERTSON.

U Koop Altoos

Die Jongste Modelle

- HOEDE
- TABBERDS
- JASTE, ENS.

by —

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
BegräfnisverkeersaarsBloemfontein — Pretoria
130 Takke

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
wekeliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIER en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste

Ons bied die Allerjongste oggend- en middag-
rokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -

VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

Foon 214

DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)

- ★ WAS
- ★ KLEUR
- ★ DROOG-
- ★ SKOONMAAK

„DIE O.B.” WOENSDAG, 23 APRIL 1947

Vriendskap 'n Vereiste

Die Burger van 15 April bevat 'n hoofartikel oor samewerking waarop ons, terwille van die saak waaroor dit gaan, graag in 'n goeie gees dog nietemin sonder doekies omdraai wil antwoord.

Die blad eindig met 'n beroep op die Ossewabrandwag om die voorbeeld van organisasies soos die Gryshemde, Boerenasie en Nuwe Orde te volg sodat die „samesnoering van kragte, wat die nasionaalvoelende partye en groepe betref, vir die volgende verkiesing voltooï (sal) wees.”

Hierdie oproep, wat terselfdertyd 'n onderstreping en erkenning is van die noodsaaklikheid dat die samesnoering van kragte met insluiting van die Ossewabrandwag voor die verkiesing voltooï moet word, is deur sommige vertolk as 'n „uitnodiging” aan die Ossewabrandwag om te kom saamwerk. Diegene vir wie die toespraak van dr. Van Rensburg op Stellenbosch verlede maand deur hul dagblaai verswyg is en dus nie op die hoogte is van die O.B. se standpunt ten opsigte van die Havenga-Malan-ooreenkoms nie, lei hieruit af dat die Ossewabrandwag hom afsydig van so 'n samesnoering van kragte hou, en nou „genooi” moet word om te kom deelneem. Die Bußer versterk hierdie afleiding deurdat hy verwys na die reaksies van die Gryshemde, Boerenasie en Nuwe Orde op die ooreenkoms, en 'n aanhaling uit die Nuwe Orde plaas waarin die ooreenkoms verwelkom en die onderneming gegee word dat niks gedoen sal word „wat die groeiende eenheid sou kan teëwerk nie.” Die indruk word dan geskep asof net die Ossewabrandwag nie op die ooreenkoms reageer het nie, ondanks die feit dat die K.G. feitlik woordeliks, dieselfde as mnr. Pirow se blad, op Stellenbosch gesê het.

GEEN WELWILLENDHEID?

Indien Die Burger die toespraak van dr. Van Rensburg, wat deur die blad se hoofverslaggewer die aand daar afgeneem is, gepubliseer het, sou dit vir hom onnodig en ook onmoontlik gewees het om hierdie indruk te skep. Maar in die aangesig van hierdie verswyging van die K.G. se verwelkoming van die ooreenkoms, wat dan opgevolg word deur 'n hoofartikel wat die indruk skep dat daar geen reaksie van O.B.-kant was nie, moet dit tog vir elkeen duidelik wees dat hier geen welwillendheid aan die orde van die dag is nie, en dus ongelukkig ook geen uitnodiging nie.

'n Uitnodiging is 'n daad van vriendskap, en indien die H.N.P.-leiding maar net 'n opregte bewys van vriendskap aan die O.B. wil gee, soos die Afrikanerparty-leiding reeds gedoen het, dan sal alle verdere oproepe om steun oorbodig word want vriendskap in plaas van vyandskap is die enigste voorwaarde wat die Ossewabrandwag vir ondersteuning van die parlementêre front nog altyd, sover dit homself betref, gestel het. Van niemand kan tog verwag word nie dat hy die swaard in die hande moet plaas van 'n vyand wat nog steeds sy vernietiging nastrewe. Blote sin vir selfbehoud verhoed dit.

En solank „uitnodigings” gepaard gaan met vyandelike verswyging en verdagmaking, kan daar geen sprake van vriendskap wees nie, en dus ook nie van 'n uitnodiging nie.

Die blad verwys na die „uitnodiging om ondersteuning” wat deur die twee partyleiers „aan almal” gerig is. Daar bestaan nie soiets soos 'n „uitnodiging om ondersteuning” nie, om die eenvoudige rede dat mens nie iemand „uitnooi” om jou te help nie, maar jy „versoek” iemand beleefd, of as jy nie beleefd wil wees nie, dan dringend om jou te help. Daar kan slegs 'n uitnodiging tot samewerking wees, en totsover het so 'n uitnodiging nog net van die Afrikanerparty gekom met wie die O.B. dan ook op 'n voet van vriendskap verkeer, en met wie gevolglik geen formele ooreenkomste hoef aangegaan te word nie.

BEGERIC

Die Ossewabrandwag is baie begerig om sy ondersteuning aan 'n nasionale front by 'n verkiesing te gee. Maar hy kan dit alleen met geesdrif doen indien sy hulp in 'n gees van vriendskap aanvaar word, soos mnr. Havenga dit aanvaar het, maar solank O.B.-leiers se toesprake geboikot en 'n gees van vyandskap teen die Beweging gehandhaaf word, soos deur die H.N.P.-leiding, moet dit tog vir elkeen duidelik wees dat persberoepe om blote steun, wat boonop nog gepaard gaan met wanvoorstellings, nie net betekenisloos is nie, maar eerder meewerk om die verwydering des te groter te maak. O.B.-lede het 'n ongeëwenaarde grootmoedigheid in die verlede geopenbaar deur soms steun te verleen waar hulle skoppe ontvang het, maar per slot van sake bly hulle tog mense en reageer hulle soos mense op vriendskap en vyandskap. Hierdie mense is bereid om die verlede te vergeet en hul kragte by 'n parlementêre front in te gooi sonder prys, maar as mense verwag hulle minstens vriendelikheid daarvoor, en nie vyandskap nie.

Die Burger vra ten slotte of dit onredelik is om van die O.B.-leiers te vra om die voorbeeld te volg van die ander groepe. Ons wil antwoord dat solank vriendskaplike uitlatings van O.B.-leiers verswyg, terwyl dié van ander groepe — van wie sommige by die publiek selfs onbekend is — wel gepubliseer word, solank beantwoord die vraag homself. Maar van ons kant wil ons vra of, in aanmerking geneem die noodsaaklikheid wat almal onderskryf dat daar samewerking moet kom, dit redelik en nugter van die H.N.P.-leiding is om so 'n onverbiddele vyandskap te handhaaf teenoor 'n organisasie — wie se hulp hulle erken ook nodig is by 'n verkiesing — ten spyte van hierdie organisasie se aangebode welwillendheid en verklaarde begeerte om die twis van die verlede te vergeet?

By die praktiese beantwoording van hierdie vraag het die volk groot belang. Daarvan sal afhang of die nodige geesdrif gemobiliseer sal kan word vir die groot slag wat voorlê, en van hierdie geesdrif hang weer die oorwinning af.

Amerikaanse Hond In Duitsland Eet Suiker

KRASSE TEENSTELLING IN LAND VAN HONGERSNOOD

Genl. Erika Theron, Vroueleidster van Gebied A, het so pas uit die buiteland teruggekeer na 'n studiereis van etlike maande. In meegaande artikel, wat die eerste van 'n reeks is wat met verloop van tyd in Die O.B. sal verskyn, vertel dr. Theron een en ander oor die toestand in Duitsland soos dit in Amerika weerkaats word.

Terwyl ek in die buiteland was, het ek van tyd tot tyd verneem hoe die Afrikaners besig is om geld, voedsel en klerasie te stuur na die geteisterdes in Sentraal-Europa. Ek weet dat ons mense nie sal aanneem dat 'n eenmalige poging voldoende is nie, maar dat ons



Dr. Erika Theron

daarmee sal volhou, want daardie mense sal ons hulp nog vir 'n baie lang tyd nodig hê.

'n Paar dae voor ek Amerika verlaat het, het ek in New Orleans 'n konsert bygewoon van die Trapp-familie. Die Trapps, vader, moeder en elf kinders, is wêreldberoemd vir hulle fyn vertolking van veral volksliedere. Hulle is Oostenrykers wat voor die afgelope oorlog hulle permanent in die Verenigde State gaan vestig het. Op die konsert het Barones von Trapp die buitengewone gedoen deur net voor die pouse 'n baie ernstige beroep te doen op die gehoor om hulp te verskaf aan haar volksgenote.

AMERIKAANSE HOUDING

Ek het regtig die vrou se moed bewonder, want die Amerikaanse publiek het, oënskynlik altans, baie min belangstelling in en simpatie vir die geteisterdes in Sentraal-Europa. Ek wil graag aanneem dat dit te wyte is aan onkunde en nie haatdraendheid nie! Hulle oorlogspropaganda moes uitstekend gewees het, want hulle glo nog steeds die gekste goed van die vorige vyand. Verder weet die gewone publiek ook nie wat in die verowerde lande aangaan nie, want alle inligting word sorgvuldig uit die koerante gehou. Ek het egter so nou en dan artikels in tydskrifte gelees waarin beskryf word hoe goed die Duitsers dit op die oomblik het en dat hulle ruim voorsien is van kos en klere.

ELLENDEN

Die Amerikaners weet dus nie wat daar aangaan nie of sluit die oë vir die ellende in Europa. Daarom het Barones von Trapp gesê, beskou sy dit haar plig om orals en by elke geleentheid te praat oor die toestande in die land van haar herkoms. Sy het meegedeel dat die briewe wat sy in die jongste tyd uit Oostenryk ontvang het, vertel van verskriklike toe-

stande. Na die besondere strawwe winter is omstandighede daar erger as ooit tevore en hulp is gebiedend nodig. Die mense loop letterlik rond in vodde, wat hulle met draad probeer aanmekaar hou. Die kinders word in koerantpapier toegedraai om hulle warm te hou. Tifuskoors het ook nou uitgebreek en die mense sterf in baie groot getalle. Van haar eie volk het die Barones gesê: Die Oostenrykers, altoos 'n trotse nasie, is besig om in stilte te sterwe. Sy het ook daarop gewys dat die geringste bydrae welkom sal wees, want met ses pennies kan 'n mens b.v. skoenveters koop. Een universiteitsdosent het aan haar geskryf dat hy nou al vir weke sonder skoenveters in sy skoene loop. 'n Ander, van wie sy lank nie gehoor het nie, skryf onlangs aan haar en gee as verklaring vir sy stilsyde dat hy geen potlood gehad het om mee te skryf nie.

KOFFIE SE WAARDE

Een briefie wat ontfang is uit die baie wat almal van ellende vertel, het egter 'n komiese kant ook gehad: 'n Vrou bedank hartlik vir die pakkie voedsel en verklaar: Met die een pond koffie het ek die skoemaker, die geneesheer, die tandarts, die kruidenier en 'n paar maande se huishuur betaal — daar is nog koffie oor, wat ek sorgvuldig bewaar.”

Laat ons ophou kla oor ons „skaarstes” en uit ons oorvloed gee!

SLEGTE GEDRAG

Ek het hierbo daarvan melding gemaak dat die Amerikaners die werklike feite oor die besette lande nie weet nie. Tog het dit my geïnteresseer om te merk in verskeie gesprekke met Amerikaners, asook uit briewe wat in nuusblaaië verskyn het dat hulle onder die indruk is dat alles nie wel is met die gedrag van die Amerikaanse besettingsleër in Duitsland nie.

Deur die Federale Regering is 'n verteenwoordiger na Duitsland gestuur om ondersoek in te stel en, hoewel die rapport nie gepubliseer is nie, het sekere stukkes van die inhoud tog uitgelek, en wat uitgelek het was blykbaar nie mooi nie. Hoewel veral die liberale en kommunistiese koerante (soos die „Daily Worker” en die „P.M.”) verklaar het dat die rapport eensydig is, het ander, veral die „New York Times” (Vervolg op bl. 5, kol. 3)

baie duidelike weg aangewys het wat nie in ooreenstemming gebring kan word met die Statuut van Westminster nie. Met 'n oorlogsbelasting van byna £600 miljoen en 10,000 gesneuweldes weet Suid-Afrika vandag wat dit beteken om 'n staatshoof in Buckingham Palace te hê in plaas van in Pretoria. Ons het 'n dure les geleer dat dit 'n gevaarlike spel is om ons volkssentiment uit te druk in die simbool van 'n vreemde volk — om as 't ware ons volkssentiment in 'n buitelandse bank te deponeer.

Imperiale Daad

Waar die Britse koning en sy gesin hierdie week vertrek, en die gedagte in hoë Britse kringe uitgespreek word om van die besoek 'n vaste instelling te maak sodat die koning soos 'n weduweemoeder by al die dominiums jaarliks vir 'n paar maande sal kuierwoon, wil die O.B. sy standpunt ten opsigte van die besoek vir oulaas stel.

Ons verwys na die uitsprake van Britse joernaliste elders in hierdie uitgawe wat vir die soveelste keer die besoek onderstreep as 'n versterking van die Britse konneksie. Hieruit blyk dat dit 'n imperiale daad was wat net soseer gemik was op behoud van Suid-Afrika vir die kwynende Brittanje as die afbranding van plase en die withongering van vroue en kinders in konsentrasiekampe — dit dien een en dieselfde doel.

VEROWERING VAN GEES

So 'n besoek met die oordadige ophemeling in pers en radio is 'n reklameveldtog vir Britse sentiment, en is bedoel om die Britse simbole deur die Suid-Afrikaanse publiek as hul eie te laat aanvaar op dieselfde wyse as wat die publiek daartoe gebring kan word om sekere koopware met gretigheid te aanvaar deur middel van advertensies, waarvoor besighede duisende ponde jaarliks bestee.

Dit is 'n sielkundige mag wat hier ingespan word — dit is verowering van die gees van die mens, en al wat daarvoor nodig is, is 'n aanhoudende stroom gunstige indrukke wat deur die pers en radio tuisgebring moet word by elke lid van die volk. En dit juis hier waar die Afrikaanse koerante wat hulle daarvoor geleen het, meegehelp het om die Britse konneksie te verstewig, en so-doende bewus of onbewus mee-gedoen het aan 'n imperiale aanslag op hul volk, want hulle het die gif van imperiale propaganda ingedra na Afrikaners wat dit op geen ander wyse sou gekry het nie.

ONS KONING?

Daar is deur sommige Afrikaners verklaar dat die Britse koning kragtens die statuut van Westminster ook ons koning geword het, en dat negering van sy besoek eintlik negering van genl. Hertzog se werk sou wees. Dit kon miskien waar gewees het tot voor 1939, maar sedert 4 September van daardie jaar het hierdie standpunt verouderd geraak. Dit het toe duidelik geword dat die Britse kroon minder ondeelbaar in die praktyk is as in teorie, en genl. Hertzog was die eerste om dit te erken toe hy voor sy dood 'n (Vervolg in vorige kol.)

Engeland Kan Ryk Nie Meer Verdedig Sê Genl. Smuts

„Die feit is dat Engeland vandag ekonomies nie meer by magte is om vir die verdediging van die hele Gemenebes te sorg nie en die Geweste sal nou maar moet sorg vir hul eie verdediging.”

Hierdie belangwekkende verklaring is verlede week in die parlement deur genl. J. C. Smuts gedoen toe hy na bewerings dat Simonstad, Durban en Unie-vliegvelde deur Brittanje vir militêre doeleindes gebruik gaan word, verwys het as „koerantstories.”

LIEFDADIGHEIDSPOGINGS

Genl. Smuts se bevinding geskied gelyktydig met 'n groot-skaalse poging van Engelse kant in die land om by wyse van skenkings bloed in Brittanje se verslape are te probeer oortap. Die Britse oud-soldate-organisasie, Moths, wat verlede week in Bulawayo vergader het, het 'n telegram aan genl. Smuts gestuur waarin hy versoek word om £5,000,000 aan Brittanje te skenk as hulp in sy huidige verdrukking. In die parlement het 'n lid van die Dominion Party genl. Smuts versoek om namens Suid-Afrika £100 miljoen aan Brittanje renteloos te leen.

Op hierdie versoeke het genl. Smuts geantwoord dat Engeland nie geld nodig het uit sterlinglande nie, maar 'n gebrek aan dollars het. Dit sal dus niks help om geld te gee wat hy self oorspronklik het nie.

STEENKOOL

Inmiddels is daar ook 'n beweging aan die gang gesit vir 'n gratis verskaffing van steenkool aan Engeland, wat deesdae te min brandstof het om sy uitvoerprodukte te lewer. Hierdie beweging het 'n groter mate van sukses gehad as die ander pogings insover die regering hom bereid verklaar het om op 'n soort van wederkerige basis steenkool aan Brittanje te lewer. Die idee is naamlik dat Engeland trokke moet verskaf in ruil vir die steenkool. Daar is egter verklaar dat Engeland juis nie genoeg goedere, waaronder trokke kan vervaardig nie weens die tekort aan steenkool.

AALMOESE

Dit mag so wees, maar daar moet in aanmerking geneem word dat Engeland al taamlik bederf is met allerlei vrye gifte uit sy dominiums, en dat hy maar bra onwillig is om vir hul te betaal. So het hy 'n jaar of wat gelede geweier om 'n besending vleis van die Unie in ontvangs te neem as hy die prys moet betaal wat die producent in die Unie daarvoor op die ope mark ontvang. Daar is toe in ons land deur Brits-gesindes gekollekteer om te betaal vir die vleis wat Brittanje weier om te koop.

ARMLASTIG

Dit begin lyk of die Engelse in Suid-Afrika nie meer so gretig is om op te offer vir 'n Home waf vinnig besig is om aansien in die wêreld te verloor nie. Dit kom voor of meeste Engelse Suid-Afrikaners hulle begin versoen met die gedagte dat Brittanje 'n afgeleefde ou moeder is wat nou nog hoogstens armlastig is.

'n Oproep om geldelike bydraes vir geteisterde Engeland deur die Suid-Afrikaanse Rooikruis het sulke bedroevende resultate vir Britse sentiment opgelewer dat die Cape Argus 'n klaaglied in sy hoofartikel-kolomme aangehef het, wat opgevolg is deur enkele snikke in die korrespondensiekolomme.

Die Argus wys daarop dat in twee weke se tyd die skamele bedrag van £1,543 bygedra is deur die publiek van Kaapstad. „Ons kan nie glo dat die fontein van liefde in Kaapstad droog is nie,” ween die blad.

LOJALE VERWYLT

'n Leser wys daarop dat vyf persone alleen £650 bygedra het, sodat die liefdegawe van die hele Kaap op baie minder neerkom. „Hierdie bedrag verteenwoordig maar 'n fraksie van die geld wat bestee is aan aandrokke, tuinpartytalberds en hoede ten einde Kapenaars in staat te stel om hulself op koninklike byeenkomste tentoon te stel,” besluit die lojale skrywer.

'n Jong tikster met 'n weduweemoeder om voor te sorg, wie se Britse sentiment egter nog weier om saam met die moederland te kwyn, was so verontwaardig oor die „ryke Kapenaars wat so vrekkelig met hul donasies is,” dat sy 5s. van haar skamele inkomste afgeknyp het tesame met 'n bede vir Groot Brittanje.” Sy verwyt die Suid-Afrikaanse Engelse dat hulle in die koerante lees van Engeland se verknorsing, en dan maar net die skouers optrek en sê: „Dinge lyk lelik daar oorkant. Arme ou Engeland.”

(Vervolg van volgende kolom) vorige eienaars digby in 'n garage woon. Die skryfster meld dat die Duitsers baie bitter voel oor die feit dat die meeste van die bewoonbare huise in die stad deur die besettingsmanskappe en hul gesinne in besit geneem is. Sy verklaar: „Daar was ook sommige flagrante gevalle van onnodige onbedagsaamheid en hebsug. Een egpaar het in 'n huis gaan woon met sestien vertrekke terwyl drie Amerikaanse sekretaresse alleen intrek geneem het in 'n woonhuis wat net iemand in die Verenigde State met 'n salaris van omtrent £12,500 sou kon bekostig het.”

BENY DAREM IETS

Ek wil afsluit met 'n laaste aanhaling uit die artikel. Die naiwiteit daarvan is kostelik!

„Ek kan nie verstaan waarom die (Duitse) kinders so klein is vir hul ouderdomme nie. Ek was onder die indruk dat hulle gevoed is met die buit van die Duits-besette gebiede... Ek sien geen verdere verskil tussen die Duitse kinders en die kinders met wie my seuntjie in Amerika gespeel het nie — behalwe vir hulle bleek gesigges en dat hulle beter gemanierd is. Ek wens ons kleinspan... kan 'n bietjie van hierdie „ou wêreldse” beleefdheid aanleer.”

Hopelik sal sommige van hierdie Amerikaners aan hulle landgenote gaan vertel dat hulle in Duitsland nie barbare gevind het nie. Dat die gemiddelde Duitser kultureel hoër staan as die gemiddelde Amerikaner — nou ja, dit is laasgenoemde miskien nie eers ont-wikkeld genoeg om te besef nie!

(Vervolg van bladsy 4, kol. 4)

daarop gewys dat groter aandag geskenk moet word aan die tipe soldaat wat hulle na Duitsland stuur, aangesien hulle daar sendingwerk moet doen, nl. die Duitse volk moet opvoed vir die demokrasie!

In die „Saturday Evening Post” van 15 Februarie het daar 'n artikel verskyn, geskryf deur die vrou van 'n Amerikaanse kaptein wat met haar twee kinders by haar man in Berlyn woon.

Die artikel is getitel: „An Army Wife lives very soft in Germany.” Hierdie vroultjie is blykbaar 'n mens met 'n gewete en 'n gevoel vir haar medemens, en die leser kry die indruk dat die skryfster nie gelukkig voel oor die posisie nie. Niemand sal natuurlik wil voorstel dat die Amerikaanse troepe en hul gesinne — as hulle dan in Duitsland moet wees — moet hongers-ly nie, maar blykbaar voel die Amerikaanse vroultjie dat dit darem so sonder ordentlikheidsgevoel is om jou oorspronklik ten toon te stel, soos sommige van haar landgenote wel doen.

WEELEDE

Onder andere vertel die vrou dat haar man £130 per maand verdien, waarvan hulle £75 spaar. „Terwyl drie miljoen Duitsers besig is om geleidelik 'n hongerdood te sterf en probeer leef in 'n stad wat vir 50% vernietig is, het ons 'n huis tweemaal so groot soos die een wat ons besit het in Louisville, Kentucky, en die beste vars vleis elke dag van die week.” Blykbaar leef die gesin in gunstiger omstandighede as waaraan hulle gewoon was in hul eie land — sy noem dit self „embarrassingly luxurious,” as sy dit vergelyk met die lewens-toestande van die Duitsers. Sy maak melding van 'n Duitse weeshuis digby hul woning wat tot Desember geen steenkool gehad het nie. 'n Duitse egpaar kry 200 pd. steenkool vir die hele winter en hulle kry net elektriese krag om 'n 100 kers-krag gloeilamp vir ses uur elke dag te brand.

TEENSTELLING

Gas vir kookdoeleindes is net voldoende om een vlam vir twee uur te laat brand. Daarenteen kry hierdie Amerikaanse gesin 1½ ton steenkool per maand en daar is geen beperkings op die gebruik van gas en elektrisiteit nie.

Vir Kersfees het die Amerikaanse outoriteite aan alle Duitse kinders 'n ekstra 1½ pond suiker gegee. Die siek hond van Amerikaanse vriende van die skryfster in Berlyn is op 'n melk-suiker-witbrood-diëet geplaas deur 'n veerts en hy eet elke dag net soveel suiker op as wat deur die Kersfeesbonus aan elke Duitse kind toegeken is!

UITGEDRYF

Hierdie Amerikaanse gesin woon in 'n groot dubbelverdiepinggebou in een van Berlyn se beste woonbuurte, terwyl die (Vervolg in vorige kol.)

DIE KUNS VAN DIE MEESTER...

Die kok se kennis bepaal
die waarde van U maal
... 'n Soortgelyke
deskundigheid versker
U van die waarde van
Kommando-sigarettas.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIEES

BL. 2367



Gryshare:
Antigris

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Postbus 7559, JOHANNESBURG.

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Ld Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedienen.

Wahl, Lawrence
EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alom bekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u oet geproe het. Drinkies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie, maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYSLYS

WYNE:

Ou Port	2/9	—
Invalide Port	3/3	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/6
Soet Port	1/11	9/6
Port, Pontak	—	—
Worcester Hock	1/10	9/-
Spesiale Sjerrie (Soeterig)	1/10	9/-
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—
„Cocktail”	—	4/3
Vermouth (Droog of Soet)	3/-	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—

DROË WYNE:

Boergonje (Rooi)	2/-	—
Riesling (Droë Wit)	1/9	—

PRYSLYS

VONKELWYNE:

Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—
Grande Splendore (Droog)	7/9	—
Vonkel Boergonje	8/9	—

BRANDEWYN:

Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-	—
Eureka	8/6	—
A.L.	8/-	—
Royal	8/6	—
Boegoe	7/6	—

LIKEUR:

Peperment, Perske, Appelskoos, Piesang	7/-	—
Kersie, Anys, Gemmer, Naeltjie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—

JENEWER (GIN):

Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—
--------------------------	-----	---

VERKOOPSVORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kisse met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die lee goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNAKERY (EDMS.) BPK.

POSBUS 1,

VLAKTEPLAATS, K.P.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

FARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Enkel plasing (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellatie, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

HUWELIK

Vir Partyties, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuus (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoëlike en doeltreffende diens.

IN MEMORIAM

BURNETT. — Oorlede 11 April 1936. My dierbare eggenoot en ons vader, Frederik Wilhelm, in die ouderdom van 81 jaar. Ons eers u nagedagtenis, groot volksman, mensevriend, eggenoot en vader. — Sy vererende weduwe en kinders. 23/4/1

PERSOONLIK

ASST.-WAGGENERAAL W. BESTER van Kaapstad, wens langs hierdie weg al die kamerade van die Manne- en Vrouewag in Gebied A, asook in die O.B.-kommando's 'n handdruk te gee met die oog op sy vertrek na Pretoria, waarheen hy verplaas is. 23/4/1

AGENTSAPPELS

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSAPPEL BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwaam diens aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/TK

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg **WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP**, Henneman (Elenaars Alberts en Greeff), Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

BENODIG

JONG SEUN vir plaashulp, gemengde boerdery. Inwoning vry. Moet O.B. wees. Ondervinding geen vereiste, slegs begeerte om te leer. Besonderhede en salaris verlang, skryf aan: **M. D. MAARTENS, Jnr., Paardefontein, CEDARVILLE**, Oos Griekwaland. 16/4/3

HANDELSREISIGERS

TWEE HANDELSREISIGERS benodig (een vir Kaapse Skiereiland en een vir Oostelike Provinsie). Aansoek word ingewag tot 28 April 1947. Applikante moet eie motor besit, en volledige besonderhede verskaf omtrent opleiding, ondervinding, kennis van tektstiele, ouderdom, ens., en twee onlangse getuiskrifte insluit. — **DIE KOPEBOND BPK.**, Posbus 2120, Kaapstad. 16/4/2

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van **REMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.** 11/12/TK

HERHOLDT se geakklimatiseerde Vrughtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — **HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE**, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

HERHOLDT se nuwe Afrikaanse geïllustreerde **TUIN- EN SAADGIDS** is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste Groente en Blomsaad. Bevat sensasiewekkende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — **HERHOLDT SE SAAD-DEPARTEMENT**, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/19/3/TK

LUSERN aangebied teen markprys. Telegrafer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — **N. WIENAND, Pk. Eastpoort.** 26/2/8

TAFELAATAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars Graad 1 teen 16/- per 140 lb.; 4/- per 35 lb.; Graad 3 teen 10/- per 140 lb.; 2/6 per 35 lb. Vark-aartappels teen 4/- per 140 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredeheid. — **S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.** 2/4/TK

UIESAAD. — Eerste-klas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — **GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale.** 12/3/TK

VRUGTEBOME, ROSE Vir JULIE- AUGUSTUS-Planttyd 1947. Dink vooruit: — Voorkom teleurstelling, plaas u bestelling nou. Pryslyste gratis. **HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE**, Posbus 660, Johannesburg. BB/11/12/TK

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanpek, 4/-, 6/-, 10/-; Ton Watson- en Wonder-Waistlemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-; Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: **KAROO-SAADVERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn.

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede: ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai-pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedschap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur **GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE**, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: **D. J. Geldenhuys.** Foon 989139.

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuis, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: **L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P.** 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaanse en wees verseker van die beste diens vir **VOORTREKKER-SKOENHOSPITAAL**, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30104. 4879/20

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteels, Voortreë, Enigiets in beton. — Direkteure: **P. W. en P. G. VAN HEERDEN**, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuplig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS**, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: **BOEREGENEESMIDDELS**, Posbus 4272, Johannesburg.

HAARKAPPERS

Vir 'n eerste-klas haarkap besoek **ELS'S HAARKAPPER SALON**, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedschap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS**, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek **STEYN**, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: **Joubertstraat 37, VASCO.** 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Elenaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende diens, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eerste-klas snyer **F. C. HAGEN**, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van **UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK.**, en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP AANGEBIED

AARBEIE. — „Laxton's Noble” en „Everbearing,” gemeng teen 5/- per 100, £2 per 1,000. Posgeld en verpakking ekstra. — **MALUTI KWEKERY**, Ficksburg. 16/4/4B

AARTAPPELS. — Goeie gesonde, Tafelaartappels, teen 3/6 per sakkie van 40 lbs. Ook saadaartappels, derde-jaar Vaalharis, eier- en okkerneutgrootte gemeng, teen 6/6d. per sakkie van 40 lb. Pryse is V.O.S. Bethal, en sluit die sakkiens in. — **J. SPIES**, Posbus 100, Bethal, Tvl. 16/4/TK

BRANDHOUT. — Swartwattel, ge-eaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — **H. H. MEYER**, Kleinfontein, Pk. Sinksbrug, George. 18/3/TK

GEREGISTREERDE STOETBUL. — Jersey. „Willowview Prince,” geteel deur Trollop, Pretoria, en grootgemaak op swaar hartwaterveld. Vyf jaar oud en is vroeg in 1944 deur veearts vir hartwater behandel. Sedertdien gesout. £65 vry op spoor Pyramidstasie. Ook sy bulkalf „Erlank Secundus,” tien maande oud, ook geregistreer in Jersey-stoetboek. £25. Albei is die regte kope vir iemand in 'n hartwaterstreek. Rede vir verkoop: om intell te vermy. — Skryf aan **I. FERREIRA**, Bus 1059, PRETORIA. 16/4/3B

HONDJIES. — Pragtige, volbloed Rhodesiese pronkrughondjies met volmaakte pronke, uit geregistreerde, groot en kwaai ouers. Uitstekende waghonde. Reuntjies f7-7-0, tefies f5-5-0. K.M.B. en V.O.S. — **C. VERSTER**, Posbus 35, Bethlehem. 23/4/2B

OKKERNEUTE. — 2/- per pond vanaf 30 pond en meer, minder as 30 pond, 2/3 per pond. Stuur u houër. — **P. E. J. KRUGER**, Suikerboskop, BELFAST.

SOUT. — Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so goue as moontlik. — **S. J. DE BEER**, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TKS

SWARTHOUT vir Huisraadmakers teen 7/- per kubieke voet. Skryf aan: **J. GERBER**, Bus 127, George. 9/4/2B

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. **J. H. VENTER**, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

VYF LB. GESUIKERDE VRUGTE gelewer aan vriende in Duitsland, Holland, België, Frankryk en Oostenryk vir 15/-. Terme is kontant met bestelling. — **BRINK BROERS BEPERK**, MONTAGU. 16/4/5

VYF -VOET -DROM RANSOME'S MELIEDORS in goeie orde, met kaff-blaser en swaaiak teen £300. Kosteloos gelaai op my stasie. Doen aansoek by **H. J. EKSTEEN**, Swartwater, P.K. Overyaal, Ermelo. 23/4/3B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van been-meel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of alyin. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — **S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY**, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiets-annemera Foon 9-4435

VERJAARDAGKETTING

APRIL 25: Gert Senekal, Paarl; Aletta du Toit, Kirkwood; Maryna de Beer, Kakamas; Hermann Brommer, Vryburg.
26 APRIL: Jacobus Smit, Malmesbury; Martha Rotman, Vryburg.
27 APRIL: Andrenette Cillié, Wellington.
28 APRIL: Coenie Theron, Koffiefontein; Johanna Potgieter, Bosbokrand.
30 APRIL: Elizabeth Snyman, Frankfort.
1 MEI: Johanna Nagel, Vryburg.
2 MEI: Martina van Rensburg, Loxton; Margaretha Pretorius, Stellenbosch; Gerhardus Rotman, Vryburg.
3 MEI: Fedrika Fourie, Stutterheim; Magdalena de Bruyn, Aliwal-Noord.
4 MEI: Rooce Joubert, Hugenoot, Sussana Volschenk, Frankfort.
5 MEI: Olga Frankot, Stellenbosch.
7 MEI: Daniel Steenkamp, Kenhardt; Barbara Herholdt, Koffiefontein.
8 MEI: Xafier Broodryk, Loxton.

INTEKENING OP „DIE O.B.”

Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B.” van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.

Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige inteken-vorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.

INTEKENENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.

POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B.” tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM
(Blokletters)

POSADRES
.....

Datum

Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuwer-hede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie

KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöp. Verenigings, 1939).

KENNISGEWING AAN LEDE INSAKE INTREKING VAN AANDELE.

Lede wat hul wynboerdery opgegee het en wat begerig is om hul aandeel kragtens die bepaling van Artikel 21 van die Statuut van die Vereniging te laat intrek (waarna die K.W.V. die nominale waarde van 10/- per aandeel aan hulle sal uitbetaal), word versoek om sonder versuim met die Hoofkantoor skriftelik daaromtrent in verbinding te tree.

Sodanige intrekking kan egter slegs deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering geskied en aangesien die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging binnekort gehou sal word, moet alle aansoeke vir intrekking van aandeel tesame met die betrokke sertifikate die Hoofkantoor van die Vereniging, Posbus 528, Zuider-Paarl, voor 30 April 1947 bereik.

Boere JEUG

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 23 APRIL 1947.

Landsdienslaer Op Amajuba

Boerjeug Doen Opbouwerk

Gedurende die afgelope skoolvakansie het die Boerejeug die opdrag wat deur die Grootraad aan hom gegee is om Amajuba onder sy sorg te neem en te bewerk, 'n stap verder gevoer. Hierdie geskiedkundige terrein is reeds aan die begin van Maart hierdie jaar deur die Boerejeug in bewaring geneem toe 'n senior Boerejeugoffisier daar as opsigter aangestel is.

Sedertdien het die Boerejeug nie op hom laat wag nie. Ongelukkig is daar, weens verskeie redes in die afgelope paar jaar nie veel aandag aan die instandhouding van die feesterrein geskenk nie, met die gevolg dat daar onmiddellik by oornam opknappingswerk gedien moes word. Vandat die Boerejeug die sorg van die plaas oorgeneem het, is spesiale aandag aan die talle bome wat daar geplant is, geskenk; die terrein is as geheel verbeter, reeds is begin om die swemdam weer te herstel en die omheining te versterk. Die oprigting van 'n gebou om as werkswinkel te dien en wat ook die saagmasjien op die plaas sal huisves, is reeds ver gevorder.

Daar is ook 'n mooi span trekosse op die plaas vir arbeidsdoeleindes. 'n Trop skape, wat as slagvee tydens feesvierings gebruik kan word, is aangekoop en hulle vorder fluks. Dit is die voorneme om eersdaags 'n koei of twee aan te skaf sodat daar gedurende sametrekings genoegsame vars melk beskikbaar sal wees.

LAERTREK

Die seuns wat gedurende die Aprilskoolvakansie die laertrek op Amajuba bygewoon het, het ook hulle deel tot die verbetering van die Boerejeug se Peetkind bygedra. Elke dag het iedereen met nuwe moed en ywer die gedeelte van die werk wat aan hom opgedra is, voortgesit. Partykeer het die rug miskien 'n bietjie seergekry van die spit en kruiswa-stoot of miskien het die arms moeg geword van die pik-swaai, maar hulle het aangehou. Die arbeid was vir hulle 'n plesier.

Daar is o.a. aandag geskenk aan die verbetering van die hoofingang van die terrein en ook die gelykmaak van dele van die pad. Bome wat in die pad van latere uitbreiding gestaan het, is uitgegroe. Ook is sink wat vir ander doelein-

des gebruik moes word, van ou geboue afgebreek en die feeshuis is as geheel opgeknap.

Maar dit was nie net werk nie. Nee, dink net aan die opleiding in sein en ander belangrike sake wat daar gegee is. En wie sal die koskook vergeet? Aai, maar dit smaak vorentoe as jy na so 'n dag se arbeid 'n lekker bord boontjiesop en 'n stukkie gebraaide ribbetjie kan wegslaan.

En daardie heerlike verfrissende water in die swemdam — en die bergklim — en die kampvure! Boeta, jy kan jammer wees jy was nie daar nie.

NET DIE BEGIN

Maar die taak is nog glad nie klaar nie — dit is nou eers begin. Die planne vir die toekoms is groot; ons dink b.v. aan die uitlê van 'n groot paradeground, die aanlê van 'n nuwe watertoeverpyp, oprigting van vakansiehuisies en uitlê van piekniekterreine, ensomeer. En vir die dogters, aanlê van rotstuine.

Die Boerejeug het die taak wat aan hom opgedra is aangepak, en sal dit deurvoer, om sodoende Amajuba weer op te bou as volksmonument waar ons weer as eensgesinde volk in groot getalle sal saamtrek om krag vir ons stryd te put.

PAARL PRESTEER

JA18 skryf dat hulle daar in die Paarl nog net so fluks presteer soos in die verlede. Met Vryheidsdag was die pragtige fakkeloptog wat deur 50 van die jeug op die skougronde waargeneem is, die hoogtepunt van die viering. Soos reeds gemeld het 'n paar van hulle die instellingsbelofte-funksie van Wellington se veldkornetskap bygewoon. Hierdie twee afdelings werk pragtig saam en steek mekaar dus aan wat ywer en toewyding betref. Hou so aan JA18!


ONS WEDSTRYD

In die vorige uitgawe van „Die Boerejeug” verskyn volle besonderhede oor ons nuwe wedstryd. Daar is geen inskrywingsfooi nie en pragtige pryse word uitgelooft aan die seun of dogter wat, elk in hul afsonderlike groep, die wenner blyk te wees. As julle nog nie deelgeneem het nie, doen dit dan dadelik sodat dit Boerejeughoofkwartier nog voor einde April kan bereik.

Veldwerk Breedte Van 'n Rivier

Vandag gaan ons kyk hoedat ons die breedte van 'n rivier of watersloot kan vasstel sonder gebruik van 'n maatstok.

Stel eers vas watter gedeelte van die rivier se breedte jy wil skat (A—B). Merk hierdie punt aan die oorkantse wal deur 'n klip of boom daar in die oog te hou (A). Loop nou langs die rivierkant 'n afstand van 20 tree en plaas hier 'n stok of klip (C). Loop nou weer 20 tree verder in dieselfde rigting (D). Van hierdie tweede punt loop jy reghoekig van die rivier weg totdat jy jou stok (C) en die vasgestelde punt (A) aan die ander kant van die rivier in een lyn sien. Die afstand wat jy van D na E geloop het, sal dan dieselfde as die breedte van die rivier wees.



KAARTWERK

Ons plaasruimte is nou op, dus kan ons vandag nie veel oor kaartwerk gesels nie, maar volgende keer maak ons daarmee 'n begin. Kry intussen so lank 'n stuk geruite papier, 'n liniaal, potlood en 'n gradeboog in die hande sodat ons dadelik met die werk kan begin.

60 NUWE LEDE VAN BOEREJEUG INGELYF

Die Boerejeugafdelings van komdte. Rita Hofmeyer van die Paarl was gedurende die afgelope paar weke bedrywig met die inlywing van Boerejeugseuns en -dogters.

Jeugveldkte. E. Strassberger van Wellington het met haar afdeling op 15 Maart laergetrek op die plaas van veldkt. Malan. Komdte. Retief het die Jeugkomdte. S. Kamffer, komdte. Hofmeyer, besoekers en aanwesiges verwelkom. Komdte. Kamffer het ongeveer 25 seuns en dogters ingelyf en hulle verwelkom in die Boerejeug. Hy het verder uitgewy op die betekenis en gebruik van vlase en vaandels.

'n Baie leersame lesing oor Beroepsvoorligting is deur 'n kindervriend gelewer.

Op 26 Maart was die Paarl aan die beurt. Die inlywing het plaasgevind by geleentheid van 'n gesellige byeenkoms in die vriendskapsentrum — die program waarvan deur die kleingoed self gereël is. Heelwat ouers was aanwesig.

Genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, het die kleinspan toegesprek en daarna ongeveer 'n dertig-stuks by die Boerejeug ingelyf. Genl. Willie Marsh het die spreker en die aanwesiges hartlik verwelkom.

Komdte. Hofmeyer het voor-

JEUGRAPORTE

Jeugkommandante(s) wat nog nie hulle rapporte vir die kwartaal wat op 31 Maart geëindig het, aan hulle Jeughoofkommandant gestuur het, word versoek om dit onmiddellik te doen. Hierdie rapporte moet saamgestel word uit die verslae wat alle Jeugveldkornette van die afdeling gelewer het.

Wenke Aan Veldkornette(s)

Vandag wil ons bietjie gesels met offisiere wat pas aangestel is in 'n kommando waar nog nie 'n jeugafdeling was nie. Alhoewel u miskien baie belangstel en brand om met die organisering van die jeug te begin, weet u nie hoe om te werk te gaan nie.

Onthou u is nou aan twee hoër offisiere direk verantwoordelik, nl. die kommandant(e) van die plaaslike groot O.B.-Kommando, en die jeugkommandant(e) van die O.B.-Generaalskap. Aan hierdie twee offisiere sal u driemaandeliks van die bedrywighede in u afdeling rapport moet doen, maar van hulle kan u ook leiding verwag. *Moet egter nooit stilstaan op bevel van bo wag nie — die inisiatief moet hoofsaaklik van die veldkornet(te) self uitgaan.*

Probeer u uiterste bes om 'n persoonlike onderhoud met elkeen van hierdie offisiere te kry sodat u volkome op hoogte van sake kan wees wat algemene jeugbelange sowel as plaaslike omstandighede betref, voordat u aan die werk spring. Daardeer sal u ook moontlike misverstande voorkom en vanaf die begin verseker dat Boerejeug en groot O.B. oral ten nouste saamwerk.

Met die groot O.B.-Kommandant(e) bespreek u alle plaaslike sake wat die jeug raak, bv. tyd en plek van O.B.-byeenkomste waarheen die jeug ook opgeroep kan word, die pligte van die jeug op genoemde byeenkomste, voorgenome fondsfunksie en die jeug se aandeel daarin, ens. Waar nodig kan u ook raad vra vir geskikte bymekaarkomtye (ver-

al waar die kinders vir hul vervoer na byeenkomste afhanklik is van die ouers) en 'n geskikte vergaderplek. Kry 'n volledige naamlys van lede van die groot O.B. en die kommandant(e) sal u kan sê watter lede kinders het wat in die Boerejeug en Boerebabas kan inskakel. Vra die kommandant(e) om die ouers aan te moedig om hul kinders by die Boerejeug te laat aansluit, en wanneer u dan self die ouers nader om die kinders in te skryf, sal hulle al voorberei wees daarop.

Van die Jeugkommandant(e) sal u informasie kry wat meer direk op die jeugwerk betrekking het. Sorg dat u 'n eksemplaar van „Die Boerejeug, sy Doel, Organisasie, en Administrasie” kry (as u nie by die jeugkommandant(e) geholpe raak nie, bestel dan een direk van Boerejeughoofkwartier). Hierdie handleiding is 'n samevatting van alle vorige Boerejeug-bevele en -omsendbriewe en bevat dus al die besonderhede wat u sal nodig hê i.v.m. inskrywing van lede, indeling, dissipline, finansies, reëling van verhouding teenoor groot O.B., rapportlewering en werksaamhede. Sorg dat u volkome op hoogte kom met die inhoud daarvan.

Probeer ook kinders bereik van wie die ouers nie aan die O.B. behoort nie, en veral kinders wat nie ander buiteskoolse afdeling kan bekostig nie. Hier sal u met vrug kan gebruik maak van *pamflette wat die strewe en werksaamhede van die Boerejeug duidelik uiteensit* en ook heelwat kiekies van allerlei Boerejeug-aktiwiteite bevat. Skryf na Boerejeughoofkwartier vir 'n hoeveelheid hiervan en sorg dan dat dit oordeelkundig versprei word, bv. deur die groter Boerejeugseuns en -dogters onder hul skoolmaats.

praatjie oor beroepsleiding, en na koffie is paslike voordrag en musieknommers gelewer.

Na so 'n heerlike daglaertrek kan 'n mens ook nie weer gaan stilstaan nie! O, nee, dis slegs die spoorslag tot groter dinge, en daarom het die Boerejeug van Wellington ná hierdie uitstappie alweer 'n musiekaandjie gereël en is op die oomblik net druk besig om aan die werk te spring vir Fondsdag!

Die pragtige vertoning wat die Boerejeug van Robertson onlangs met Vryheidsdag gelewer het, was slegs die korrekte begin van 'n jaar wat stampvol van dergelike ondernemings gaan wees. 'n Basaar wat hul kas met £21 gestyf het, is alweer agter die rug, en in die eerskomende skoolvakansie gaan die seuns 'n laertrek bywoon in die Bonneviale afdeling.

Die veldkornetskap wil hiermee die ouers wat soveel bygedra het tot die sukses van hul basaar baie dankie sê. Die funksie het ook gedien om die pas aangestelde jeugveldkornette 'n deeglike „basaardoop” te laat ondergaan, terwyl die dogters moes regstaan om almal te bedien van koffie en poeding. Die afdeling het in die laaste tyd ook aanmerklik uitgebrei in getalle.

BOEREJEUG-NUUS

Op 'n pragtige terrein op die plaas van Oom André Malan kon die Boerejeug van JA8 (Wellington) onlangs 'n baie geslaagde daglaertrek hou. Die program het gestrek van 9-uur die oggend, en om 6-uur die aand het die vlagstryking die einde van 'n uiters genoeglike dog leersame dag in die buitelig aangekondig.

Die oggend is hoofsaaklik in beslag geneem deur liedjies te sing, oefening van vlagparade, en praktiese dissipline (daarvoor het Pans natuurlik gesorg!). Heelwat van die ouers was die middag teenwoordig, toe daar 'n kort programmetjie afgehandel is, en 23 nuwe lede, waaronder Jeugveldkornette E. Strassberger, ingelyf is. Die jeug waardeer die belangstelling van die kant van die ouers en groot O.B. geweldig. Ook was hulle trots daarop om hul Hoofkommandant, komdte. S. Kamffer, en kommandante M. C. Hofmeyer, wat met 'n klompie Boerejeug van die Paarl oorgekom het, daar by hulle te hê.

Vroeg die middag reeds het die jeug die voorreg gehad om te luister na 'n baie leersame (Vervolg in volg. kol.)

Atoomwerkers Kry Nuwe Soort Siekte

Die vrees dat atoomnavorsing 'n gevaarlike uitwerking het op die persone wat daarmee te doen het, is uitgespreek deur die sekretaris van die Britse vakbond van chemiese werkers.

Die werkers in Britse fabriek vir atoomnavorsing is tans onderhewig aan nuwe siektes waarvan die simptome lusteloosheid, veluitslag en onvrugbaarheid is, verklaar hy, en voeg daaraan toe dat die vrees in wye kringe toeneem.

Die werkers kla dat hulle op die busse aan die slaap val en dikwels verby hul bestemming ry. Hulle kry 'n uitslag oor die hele lyf, terwyl daar onmiskenbare bewyse is dat hulle steriel word. Sulke mense is gevaarlik ook na hul dood, want enige persoon wat in hul nabyheid kom sonder dat hy in lood gekleed is, staan in gevaar om deur die radio-aktiewe liggaam aangetas te word. Selfs lykverbranding is geen oplossing nie.

Deskundiges gee toe dat die radiostrale 'n tydelike uitwer-

king kan hê op geslagsfunksies, maar twyfel of dit 'n algehele onvrugbaarheid kan meebring. Die siekte tree in na ongeveer 18 maande.

Groot Oes Verwag

Die mielie-oes sal vanjaar sowat 6,000,000 sak meer wees as verlede jaar, volgens skatting van die Departement van Landbou wat die oes op 23,865,000 sakke vasstel.

Die prys van mielies is verlede week vasgestel op 21s. 3d. vir die beste grade in goeie bruikbare graansakke, en £1 per sak afgelewer by graansuiers.

DOODSTRAF VOLG OP ONGELUK

'n Militêre motorbestuurder in Joegoslavië is veroordeel om doodgeskiet te word weens 'n motorongeluk waarin hy betrokke was. Hy is daarvan beskuldig dat hy 'n motor onder invloed van drank bestuur het en twee vroue gedood en 'n man ernstig beseer het toe hy op 'n sypaadjie te lande gekom het.

Die vonnis, wat bedoel is as 'n waarskuwing aan ander, volg op 'n groot veiligheidsveldtog wat die afgelope weke gevoer is.

SENSUS VAN SPOKE

In Nederland gaan 'n sensus van spoke gehou word volgens die blad De Tijd, wat verklaar dat die Nederlandse kantoor vir volkskunde die sensus gaan hou in opdrag van die vereniging vir psigiese navorsing. Duisende vraelyste is uitgestuur waarin navraag gedoen word na huise waarin dit spook.

„Die spoke van Nederland is aan die uitsterf, hoewel daar nog 'n paar bittereinders is,” het die organiseerder van die sensus gesê.

Regering se Dae Getel

(Vervolg van bladsy 1)

heidsfront van die H.N.P., A.P. en Pirowgroep te ondersteun. Die twee laasgenoemde groepe het dit aanvaar dog eersgenoemde wou nie. Daarom het die O.B. hom daarvan onthou om die een nasionaalgesinde groep teen die ander uit te speel. Tydens die tussenverkiesing in Hottentotsholland is weer 'n skriftelike aanbod aan die H.N.P. vir ondersteuning gerig. Dit is skriftelik geweier. Erkenning van eie identiteit maak geen verskil aan die identiteit van die ander nie. Waar dit geweier word, toon dit een van twee: gebrek aan deursig of gebrek aan goeie opvoeding. Die A.P. onder leiding van mnr. Havenga, toon geen van die twee gebreke nie. Vir ses jaar was die O.B. tussen hamer en aambeeld, nl. regering en Opposisie. Die organisasie van die O.B. moet homself nou geweldig versterk om die A.P. te help.

Die O.B. staan vir 'n partylose staat, wat beteken groepsvertegenwoordiging. Die belange groepe moet hulle bekwaamste mense stuur om die land te regeer. Maar intussen is daar gemeenskaplike gevare wat eers die hoof gebied moet word.

VRAAG OOR BOIKOT


Die Kommunisme wat uit die borse is, staan verste van die O.B. af. Daarom, ondersteun met alle mag die party wat die naaste staan, d.i. die Afrikanerparty. Daarom moet die O.B. hard werk om die hande van mnr. Havenga en sy party te sterk. Kommunisme is 'n ge-

vaar vir ons volk het die K.G. gesê en verwys na die gebeure te Port Elizabeth waar die Afrikaanssprekende groep van die Trades and Labour Council weggeskeur het van daardie Sowjet-georiënteerde vakunies. Spreker het beklemtoon dat die Afrikaanssprekende groepe sal moet heg saamstaan om kommunisme te beveg en dan sal dit nog uiters moeilik gaan. Die kommunisme het geweldige ondersteuning van alles wat nie-b'ank is.

Ten slotte het spr. herhaal dat die O.B.-beleid nie gemik is teen Engelssprekende Afrikaners nie, maar beoog om eers Afrikaanssprekendes saam te snoer. Waar A.P. se hand in 1946 gevat is, sal dit gehou word. Die A.P. en mnr. Havenga is bewus van die opregtheid van die O.B. Ses jaar van vervolging, tronke en interneringskampe het bewys gelever dat die O.B. sy woord gestand doen.

Op vrae het die K.G. geantwoord dat die boikotstorie van die Nasionale Pers onwaar is. „As betaalde advertensies en verslae deur die pers geweier word, is dit vanselfsprekend dat mense daardie nuusblaai sal lees waarin dit wel gepubliseer word.” — (Korr.)

SELFS DIERETUINE



Duitsland word deur die Britte nie net van sy steenkool en fabrieke beroof nie, maar selfs sy dieretuine. Hierdie seekoeitjie is een van 'n besending diere wat tydens die Paasaweek in Londen uit Duitsland aangekom het.

Besef Behoefte Na 2 Jaar

Duitse Tegnici Allig Na Unie

Nou, nadat die ander moondhede die beste Duitse brein ingepalm het, het genl. Smuts eindelijk begin nadink oor die saak en tot die gevolgtrekking gekom dat dit darem nie 'n slegte idee is om 'n klompie Duitse tegnici na Suid-Afrika te laat kom nie.

Aan 'n afvaardiging van die Duitse noodlenigingsvereniging wat die Eerste Minister verlede week gaan spreek het oor toegewings, het genl. Smuts gesê dat verskillende Geallieerde lande hul bes doen om Duitse tegnici in hande te kry. „Die lande ding eintlik met mekaar mee daarin, en waarom sou Suid-Afrika dit nie ook doen nie?” aldus genl. Smuts. Hy het meegedeel dat die Wetenskaplike Navorsingsraad ook 'n dergelyke versoek aan hom gerig het.

In die parlement het genl. Smuts erken dat daar 'n groot behoefte aan Duitse tegnici in ons land is en dat die Duitsers op baie gebiede „buitengewone vordering in hul tyd gemaak het.”

Hierdie late ontwaking van genl. Smuts — 'n paar weke gelede het sy regering nog volstrek geweier om 'n enkele Duitse ingenieur wat na die Unie wou kom, toe te laat — is maar die soveelste bewys van die

stompsinnige slaafsheid van die huidige bewind. 'n Saak is nie goed op grond van sy eie verdienste nie, maar dit is alleen goed as Brittanje dit ook doen. Omdat Brittanje in die afgelope maande hom beywer vir die invoer van Duitse immigrante, ag genl. Smuts dit 'n goeie plan om na twee jaar van halsstarrige kortsigtigheid nou eindelijk ook te gaan meeding op die Duitse breinmark — nou nadat Amerika en ander lande die room klaar afgeskep het.

Al sou geld aan bome groei, dis net die slim mense wat die vrugte sal pluk.

Perskor-aandele groei nie aan bome nie, maar dis die slim man wat hulle koop.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

Kennis van die

WERELDSAKE

Vereis Bestudering van STAATKUNDE.

Skaaf die volgende Boeke vir u aan.

DIE MODERNE STAAT

deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry.

HEAR THE OTHER SIDE.

The Afrikaner and German Side — 2/9 posvry.

THE GREAT GLOBE ITSELF

By W. C. Bullitt — 11/9 posvry.

„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union.”

THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.

„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation.”

THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD

By Prof. E. H. Carr — 7/3 posvry.

REPORT ON THE RUSSIANS

By W. L. White — 13/6 posvry.

MY ANSWER, by Oswald Mosley.

REPORT FROM GERMANY,

By Leonard O. Mosley — 5/3 posvry.

SUID-AFRIKA

'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA

H. Lindsay Smith — 9/3 posvry.

THERE ARE NO SOUTH AFRICANS

By G. H. Calpin — 13/6 posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29

STELLENBOSCH